

**Maandag 18 Januarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 6:1-8; HK Sondag 3, Vraag 8**

**Fokusgedeelte: Genesis 6:5**

### **Die verdorwenheid van die mens ná die sondeval**

In Antwoord 7 bely ons dat ons natuur só verdorwe is dat ons almal in sonde ontvang en gebore word. Vraag en Antwoord 8 sluit daarby aan en brei daarop uit deur te sê dat hierdie verdorwenheid só erg is dat ons (negatief) glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en (positief) geneig is tot alle kwaad.

Ons belydenis gebruik die woord *verdorwenheid*. Dit beteken eintlik korrup. Dit dui op iets wat stukkend gebreek en onbruikbaar gemaak is en so totaal verdorwe geraak het. Wat hierdie verdorwenheid by die mens behels, kan duidelik gesien word in die lewe en optrede van die mense voor die sondvloed. Van hulle word gesê: *“Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief.”* Die goddeloosheid en verdorwenheid van die mense het met rasse skrede toegeneem. Daarom was die Here verplig om die aarde met die sondvloed skoon te was en met Noag ’n nuwe begin te maak.

Soos egter uit die geskiedenis van die mense in die tyd van Noag blyk, is die verdorwenheid van die sonde in die mens nie iets wat staties bly en altyd dieselfde is nie. Nee, dit groei voort en gaan van kwaad na erger, tot hierdie mense *“in hulle verdorwenheid te gronde gaan”* (2 Pet. 2:12; 1953-vertaling) – tensy God dit op een of ander wyse verhoed.

Die verdorwenheid van die sonde kom by sekere mense duidelik na vore wanneer daar aan hulle mag gegee word. Dan openbaar hulle hul innerlike boosheid en monsteragtigheid op ’n skokkende en brutale wyse. Dink maar aan Hitler, Stalin en Idi Amin.

Wel is daar ongelowige mense wat só ’n eerbare lewe lei dat hulle soms selfs vir Christene ’n voorbeeld is. Dit is egter net te danke aan die algemene genade van God.

Die mens het só diep in sonde geval dat hy slegs van hierdie innerlike verdorwenheid verlos kan word as die Heilige Gees sy hart verander, sodat hy Christus en sy verlossing deur die geloof aanneem. Dan sal hy ook uit dankbaarheid volgens die wil van God lewe.